Kapstadt
Die Burger, Saturday, 5. Junie 1937
18/183
P:
Abl 15/4.




# *Die Skepping van 'n ryk man,*


# *STRAATJIE IN DIE OU STAD BREMEN*

ONLANGS het daar 'n passasier van oorsee in Kaapstad aan land gestap, sonder dat hy deur joernaliste opgemerk is, en tog is hy in Duitsland, en ver buite die grense van daardie land baie bekend. Miskien is die merkwaardigste aan sy beroemdheid dat dit nie in die eerste plaas toe te skryf is aan sy eie persoon nie, en ook nie aan die feit dat hy 'n geweldige fortuin gemaak het uit „Kaffee Hag," die Kaffeïn-vrye koffie nie, maar aan 'n klein straatjie in Bremen.

Maar voordat ons 'n rondgang gaan maak deur hierdie straatjie, moet ons eers kennis maak met die genoemde man, Dr. Ludwig Roselius, en nagaan hoe hy daartoe gekom het om die Böttcherstrasse—so heet die straatjie waaroor ons meer sal hoor—te bou. Die Böttcherstrasse het sy naam te danke aan die Böttcher, die vatmakers, wat daar eeue lank hul handwerk uitgeoefen het. Die tye is verby, die masjiene het die ambagsman verdryf, en vir die ou straatjie het 'n slegte tyd aangebreek. Ou inwoners van Bremen onthou nog hoe daar op die straat vate gemaak is, maar toe dr. Roselius sy daaglikse wandeling van die beurs na sy kantoor begin het, was dit niks anders meer as 'n vervalle agterbuurtstraatjie nie.

Dit was op een van hierdie daaglikse wandelinge dat die geskiedenis van die nuwe Böttcherstrasse begin het. Van die ou prag het daar eintlik maar een huis oorgebly, hoewel dit ook al tekens van verwaarlosing en verval getoon het, en in hierdie huis het die enigste nakomelinge van die kuipers in daardie straatjie, die twee eerbiedwaardige ou dames Pennmeyer gewoon. Toe dr. Roselius weer op 'n sekere dag op pad is na die kantoor, kom een van die ou dames uit die huis uit, en spreek hom aarselend en verleë as volg aan:





*Die Roseliushuis*

„Kyk, meneer, ons was 'n bietjie bang om u te vra, dit is nou al die agste keer dat ons koffie en koek klaar gehad het, maar elke keer het ons nie die moed gehad om u te nader nie. Al 'n lang tyd gaan dit swaar met ons, en nou moet ons huis verkoop."

Hul oë het met onmiskenbare weemoed rondgedwaal deur die halfdonker kamer met sy pragtige ou meubels.

„Ons moet verkoop, maar ons wil tog nie dat die huis van ons geslag, waarin ons mense vir eeue gewoon het, nou soos die ander huise hier in die straatjie 'n pakhuis moet word nie. U het darem baie geld, meneer, koop tog asseblief ons huis, en laat dit weer goed in orde maak, soos dit eertyds was."

Roselius se posisie was op daardie oomblik nie alte gemaklik nie. As 'n trotse burger van die ou Hansstad het hy geweet dat daardie huis een van die oudste van die stad was—dit word al kort na 1300 in die kronieke van die stad vermeld—maar wat moet hy met die huis maak? Hy beloof dat hy die saak sal oorweeg, en toe hy uitgevind het dat die dames 'n karige verdienste gemaak het deur van ses-uur in die oggend af mense wat verby kom, te voorsien van koffie, toe was sy planne agter mekaar.

Die huis is aangekoop, en die aansienlike personeel van die Hag-fabrieke en -kantore kon dit gebruik om daar te eet en te drink. Maar toe die deskundiges klaar was met die herstel van die pragtige ou Gotiese gewel, en ook binnekant die ou meubels weer tot hul reg gekom het, toe het elkeen, en nie die minste Roselius met sy gevoel vir skoonheid, besef dat dit nie daarby kon bly nie. Die huis het nie meer in sy vervalle omgewing gepas nie, en dus het die „koffiekoning" besluit om al die huise in die straat te koop.

Maar wat moes toe gebeur? Afbreek is gemaklik genoeg, maar wat moes hier, in die hartjie van die binnestad van Bremen met sy outydse boustyl,

